DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL

VENTERSKROON GEBIEDSKAMP

Tema: Ons Koning kom!

Julie 2018

Beste Kommandoleier/AKL Administrasie,

Ons vier vanjaar 40 jaar van seën op Venterskroon!!!!!

Hierby aangeheg is die uitnodigings en inskrywingsvorms vir ons Venterskroon feeskamp vir Penkoppe en Drawwertjies. Dupliseer asseblief die inligting soos nodig en oorhandig aan u Kommando se Penkoppe, Drawwertjies en Offisiere.

Kampdatum: 28 September 2018– 02 Oktober 2018
Registrasie: Vrydag 28 September 16:00 – 18:00
Afsluiting: Dinsdag 02 Oktober om 12:00
Plek: Venterskroon Jeugkampterrein van die Ned. Hervormde Kerk (tussen Potchefstroom en Parys) (S26º53.016' EO27º16.120')

Sluitingsdatum vir inskrywings: Saterdag 08 September 2018
Daar is op die inskrywingsvorms voorsiening gemaak vir 'n plek waar die kommando 'n sluitingsdatum kan invul.

Inskrywings

1. Registrasie vir die kamp vind plaas deur die Kommando of ouers kan die voortrekkers inskryf op ons nuwe webblad http://www.venterskroonkamp.co.za deur net die instruksies op die webblad te volg.
2. Dra alle inligting van **al die vorms** (halfkroontjies, PD's, Verkenners, Staatmakers en ALLE volwassenes) oor op die kamp se webblad op http://www.venterskroonkamp.co.za. Die webblad sal vanaf Dinsdag 07 Augustus 2018 beskikbaar wees vir registrasie.
3. Maak asseblief seker dat klere groottes korrek is en dat die name van Penkoppe en Drawwertjies korrek gespel is op die webblad aangesien hierdie detail gebruik word vir die druk van die sertifikate. Name moet in die korrekte formaat wees nl. Annemie Hall.

Kampgelde
Penkoppe & Drawwertjies (uitgesonder Avontuur): R760-00,
Penkoppe & Drawwertjies (Avontuur): R800-00
Halfkroontjies: R490-00,
Volwassenes, Staatmakers, Verkenners: R620-00,
Kombuisspan: R380-00 (Slegs eerste 10 inskrywings)

Snoepie
Daar sal geen snoepie kiosk op die kamp beskikbaar wees nie. Snoepiegeld is ingesluit by kampgeld en word daagliks aan almal verskaf.

Golfhemde en T-hemde: Golfhemde is slegs vir offisiere en staatmakers beskikbaar. Die koste word saam met die kampgeld oorbetaal en op die webblad so aangedui.
T-hemde is by kampgelde ingesluit vir almal en grootte moet dus duidelik op inskrywingsvorm aangedui word. Geen omruilings kan gedoen word nie daar ons op presiese getalle soos aangedui gaan bestel.

Sluitingsdatum vir inbetaling van kampgelde: 19 September 2018

Betaling
Kampgeld kan per internet of tjek inbetaal word (Kontant inbetalings se koste sal van kommando verhaal word).
Maak tjeks asb. uit aan: **Transvaalse Voortrekkers, Venterskroon**.

Bankbesonderhede:
Transvaalse Voortrekkers, Venterskroon.
ABSA Bank, Vanderbijlpark
Tjekrekening nr. 530 186 458

DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL

VENTERSKROON GEBIEDSKAMP

Tema: Ons Koning kom!

Gebruik jou kommando se naam as verwysing.

Kansellasies
Kansellasies na 19 September 2018 verbeur die volle kampgeld tensy ‘n plaasvervanger se inligting vroegtydig deurgestuur word.

Kursusse
Let asseblief op dat die meeste kursusse slegs ‘n beperkte aantal kursusgangers kan akkomodeer. Die webblad is so saamgestel dat inskrywings outomaties geblok word sodra kursus vol is.

Kampbenodigdhede
'n Lys algemene kampbenodigdhede is hierby aangeheg. Die lys met kursusbenodigdhede sal op die webblad beskikbaar wees sodra dit gefinaliseer is met die kursusoffisiere.

Vervoer
Kampeerders / Kommando’s is verantwoordelik vir eie vervoer na en van die kamp.

Fotos
Ons beskou alle inskrywing as toestemming om fotos – waarop kinders / volwassene kampers mag verskyn – op die Venterskroon-webblad en / of Facebook te plaas.

Navrae
Navrae kan gerig word aan
Kampleier, Annemie Hall, 082 494 8305
E-pos: hall.annemie@gmail.com

Adjunk Kampleier admin: Louis Keyser, 083 308 1757
E-pos: venterskroon@gmail.com

Adjunk Kampleier admin / Logistiek: Stiaan Van der Merwe, 083 805 1063

Venterskroongroete
Annemie Hall